**Werkblad: Tye – Teenwoordige tyd en Verlede tyd – Graad 9**

**Punte: [30]**

---

**Vraag 1: [6]**

As vandag Woensdag is, wat sal die ander weeksdae dan wees?

a. Sondag
b. Maandag
c. Dinsdag
d. Woensdag (**VANDAG**)
e. Donderdag
f. Vrydag
g. Saterdag

**Vraag 2: [10]**

Skryf die volgende sinne in die verlede tyd:

a. Die fietsryer ry met sy fiets om die baan.
b. Ek het koeldrank, dankie.
c. Ek is op die telefoon.
d. Die roomys moet in die yskas gebêre word.
e. Hulle gesels en was die skottelgoed.
f. Die mans vertel stories om die kampvuur.
g. Hy koop blomme vir sy meisie.
h. Sy wil hom op sy wang soen.
i. Hy koop lekkers wanneer hy sakgeld kry.
j. Hy skeur sy geskenk oop.

**Vraag 3: [4]**

Vertaal die volgende in Afrikaans:

a. He did walk on the beach yesterday.
b. He did open the can.
c. She did speak to them when he called.
d. Was he at school yesterday?

**Vraag 4: [5]**

Herskryf die volgende sinne deur met die gegewe woord te begin:

a. Hy koop ŉ nuwe rekenaar.

   Gister ...

b. Hy laai die programme op sy rekenaar.

   ŉ Week gelede ..

c. Hy wen die prys vir programmeerder van die jaar.

’n Jaar gelede ..

d. Ek lees die instruksies om die rekenaar aan te skakel.

Vantevore ...

e. Sy help my om die program  te leer.

In die verlede ...

**<u>Vraag 5:</u> [5]**

Bestudeer die volgende sinne. Kies telkens die korrekte antwoord.

***Sin 1***

a. Die bank waarborg die tjek wat hy uitskryf.
b. Die bank waarborg die tjek wat hy uit skryf.
c. Die bank waarborg die tjek wat hy geuitskryf.

***Sin 2***

a. Die atlete het baie spanne geinskryf.
b. Die atlete het baie spanne ingeskryf.
c. Die atlete het ingeskryf baie spanne.

***Sin 3***

a. Die kat het met die muis gesit en speel.
b. Die kat met die muis gesit en speel het.
***c.*** Die kat het met die muis gesit en gespeel.

***Sin 4***

a. Die kat het melk gedrink toe sy dors is.
b. Die kat het melk gedrink toe sy dors was.
c. Die kat het melk drink toe sy dors gewees het.

***Sin 5***

a. Daar is gister deur my kat rondgeloop.
b. Daar was gister deur my kat rondgeloop.
c. Daar het gister deur my kat rondgeloop.